

29 April

2 Korintiërs 9:5-12, (Teks: 9:6,7)

Gee jouself

Ons leef in 'n kultuur van vra en eis en nogmaals vra. Elkeen wil 'n sny van die koek hê. Ander is also moeg om voortdurend te gee dat hulle hulleself onttrek en heeltemal onbetrokke hou. Ja, hulle gee niks nie, selfs nie eens hulle tyd, krag of gawes nie. Hoe staan dit met jou? Is jy 'n vraer of 'n gewer? God roep jou op om te gee. Ja, om blymoedig te gee.

Wanneer jy blymoedig gee, bring jy 'n offer. 'n Offer vra jou hart, dit vra oorgawe van jouself. Paulus vergelyk sulke gewers met 'n boer wat besig is om te saai. As hy 'n goeie oes wil inbring, moet hy hom hart en siel gee. 'n Boer wat homself nie ten volle gee nie, wat slegs die minimum gee van sy tyd, krag en saad, kan vergeet om 'n oes in te bring. Hoe gee jy?

Onthou altyd: 'n Lewe van oorgawe bring tevredenheid en oorvloed. Dan tob jy nie oor wat jy nog kan verloor nie, maar voel jy hoe die Heilige Gees jou daaglik help om met oorgawe jou aan Hom te wy en ervaar jy hoe Hy jou in niks laat tekortsiet nie. Moenie vergeet, Christus het hom ten volle in die dood oorgegee vir jou!

Sou ons dankoffers vir hierdie groot weldaad halfhartig wees?

Sing: Psalm 4:3

Ds. S.F.F. van der Walt (Queenstown)